


Bybel vir Kinders
bied aan

Jesus en
Lasarus



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest
Alastair Paterson

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2021 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.




Maria en Marta was bekommerd. Hulle broer Lasarus was siek. Hy was van Betanië. Die susters het geweet Lasarus mag dalk sterf.



Die susters het
iemand na Jesus toe
gestuur om te sê:
"Here, hy vir wie U
lief is, is siek."



Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie." Al was Jesus baie myle ver het hy geweet wat met Lasarus sal gebeur.



Jesus het nog twee dae gewag voordat hy na Betanië gegaan. Hy het iets aan hulle gesê wat hulle laat wonder het.






"Lasarus is dood, en om julle ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie sodat julle in My kan glo." Wat het hierdie vreemde

woorde beteken?
Wat was Jesus van plan om te doen.





Toe Jesus
daar kom,
het Hy gevind dat
Lasarus al vier dae
in die graf was.

Sy liggaam
was toegedraai
in begrafnis
klere, hy was
in 'n rotsgraf.



Marta het gegaan om Jesus te ontmoet. Jesus sê toe vir haar: "Jou broer sal uit die dood opstaan."



Maar Marta sê vir Hom: "Ek weet jy sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan." Sy het gedink sy sal moet wag tot die einde van die wêreld om Lasarus weer te sien.



Jesus het egter iets anders bedoel.






Toe sê Jesus vir haar:
"Ek is die opstanding en
die lewe. Wie in My glo,
sal lewe, al sterwe hy
ook." Marta het Jesus
geglo. Sy het geweet
Hy was die Seun
van God. Maar
hoe kan hy
Lasarus
help?



Almal was hartseer omdat Lasarus gesterf het. Sy suster Maria het gehuil. So ook haar vriende wat haar wou troos. Jesus het ook gehuil.



Jesus het saam met
die mense na die graf
gegaan. 'n Groot klip
was voor die graf.



Jesus sê toe: "Rol die klip weg."
Marta sê vir Hom: "Here,
hy ruik al, want dit is
al die vierde dag."




Met Jesus se opdrag het hulle die klip weggerol. Daarna het Jesus 'n gebed gerig aan sy Hemelse Vader. Jesus sou 'n wonderwerk verrig, sodat al die menses al weet God het Hom gestuur.



Jesus roep
met 'n harde stem:
"Lasarus, kom uit!"
Die mense moes in
verwondering na die
grot gekyk het. Kan
Jesus 'n dooie man
lewendig maak.





Ja!
Lasarus
kom uit
die graf.





Sy
hande
en voete
was nog
toegedraai
met
grafdoeke
en sy gesig
toegebind
met 'n
kopdoek.
LEWENDIG!



Toe sê Jesus: "Maak hom los dat hy kan huis toe gaan."



Watter blydschap was daar! Trane
het verander in gelag. Jesus het
Sy Woord gehou. Lasarus was
lewendig. Slegs die Seun
van God kan lewe aan 'n
dooie mens gee.



Baie van die mense wat die wonderwerk gesien het,
het in Jesus geglo. Maar party van hulle het na
die Fariseërs gegaan en vir hulle vertel wat Jesus

gedoen het. Jaloesie het gemaak
dat hulle beplan het om Jesus
dood te maak. Nadat Jesus dit
verneem het, het
hy vir 'n ruk
weggegaan.



Jesus en Lasarus

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Johannes 11 (Bl 138 NT)

"Die lees van die Woord gee lig."

Psalms 119:130



Die Einde



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

